Kix-pirasie Krabbel, krabbel aan die babbel

(Het jy geweet “krabbel” is die Afrikaanse woord vir “scrabble”?)

Benodigdhede:

- “Scrabble”-letterblokkies (van die bekende bordspeletjie) of maak self letters deur die alfabet 'n paar keer op papier te druk en dan uit te knip. (Onthou dat jy meer van sommige letters – veral volkale – nodig sal hê as van ander soos Q en X.)
- Bybels (verskillende vertalings)
- Wondergom

Gooi die letters in ‘n groot bak waar almal dit kan bykom. Laat elkeen sy/haar naam met die letters in die bak op die tafel uitpak.

Gesels oor die jaar wat amper verby is. Gebruik nou die name op die tafel en bou woorde daaraan vas wat die jaar en almal se ervaring van die jaar beskryf.

Elke persoon moet 2 of 3 woorde aanbou. Gee dan geleentheid vir elkeen om te gesels oor die woorde wat hy/sy aangebou het.

Deel julle hart met ander deur die woorde wat julle gebou het op 'n bord/plakkaat of teen 'n oop muur op te sit. Dis dan 'n woordprentjie van die jaar by KIX - al sy herinneringe en feesvieringe.

Lees Psalm 8 saam in verskillende vertalings.

Elkeen oordink die Psalm en dink aan 2 of 3 woorde om die Psalm te beskryf en wat hulle daarin hoor.

Dit is ook 'n gulde geleentheid om jou waardering teenoor al die groepleiers uit te spreek. Sonder hulle toegewydheid, entoesiasme en liefde kan daar nie 'n KIX wees nie.